



Familiebrief

Augustus 2004

Septembermaand –

Lentemaand! Nuwe lewe in die natuur met sy eerste reëns, groenigheid en kleur, bloeisels en botsels.



Hoe het ons uit 'n ou gesangeboek gesing?

“Die aarde in Winterslaap gesus,
ontwaak tot nuwe lewe.
Die berge, bosse en mere
Die grasgroen velde juig van vreug
En bring Hom dank en ere!”

En as die skepping dit doen, hoeveel te meer nie ons, die kroon van sy skepping, sy kinders, in ons daaglikse handel en wandel; doen en late, gedagtes, woorde en werke nie.

Mag dit met die aanbreek van die nuwe lewe in die natuur daarbuite, ook opnuut deurbreek in elke dierbare en kosbare lidmaat van ons gemeente se lewe:

“Julle is duur gekoop. Verheerlik God deur julle liggame en julle gees wat aan God behoort!” (1 Kor 6:20)

NAGEDAGTE: gedring deur sy liefde lewe ons die nuwe lewe! Gedring deur sy liefde gee ons om vir mekaar en vir ander mense! Gedring deur sy liefde wil ons 'n positiewe verskil maak in ander mense om ons se lewes! Mag hierdie lente ook dít vir u inhou!

SO LYK 'N FANTASTIESE FAMILIE



Gebed van 'n Ouma

Vader u het my kind soos 'n akkertjie onder beskermende takke aan my voete laat groei – en nou het daar vir haar ook 'n nuwe boompie opgekom. Dankie vir die nuwe lewe wat dieper betekenis ook aan my bestaan gee.
Heer, leer my om my kleinkind met wysheid te geniet. Hoe graag wil ek omdat ek soos 'n ouer boom langer is en verder kan sien, gedurig waarsku teen naderende onheil. En tog wil u dit anders. Tussen my en die kindjie wat vir my Ouma sê, is daar die beskermende arms van 'n jong moeder. Nou is dit haar beurt om die koelte te verskaf en te weet dat te veel beskerming die groeikrag sal belemmer. Ek wil oor hulle waak, Heer, maar met oorleg. Ek wil hulle liefhê, maar ook die kans gun om in mekaar se liefde te gedy.

Seën ons nuwe klein boompie, Vader; wortel hom in vaste grond, koester hom in warm liefde en plant hom eendag velig in U tuin. Amen

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Nuusbrokkies

Vir die wintermolle – jammer winter regtig verby, en vir die byt vas, daar kom nog so 'n dit regtig somer is, maar by **Diens van Barmhartigheid** is dag van alle seisoene. **Baie dankie** om dinge aan die gang te hou.



vir julle, oor 'n paar vrolike paar koue



weke is die somervinkies, fronte voor elke dag 'n meewerk

By **Huis 4** spog elke kind nou met sy/haar eie doelgemaakte bedkassie, met 'n deur wat kan sluit en hoef Bybels en ander persoonlike benodigdhede nie meer op die vloer gestapel te word nie. **Baie Dankie Luuk en Willem!**

Die deernisvolle diens wat die **Begrafnisbediening** se dames lewer word opreg waardeer. Vele wat al met hulle te doen gehad het, praat met groot lof en dankbaarheid – baie dankie!!

Pierre Malan van die **Siekesorgbediening** meld dat dit hom opgeval het hoe bure mekaar in tye van siekte en nood bystaan. Daar word nie gevra watter nasie of watter kerk nie, daar word net gehelp. Dit is absoluut verblydend om te weet mense kan op mekaar staatmaak.

Afke en Luuk geniet 'n welverdiende vakansie en danksy haar bekwame helpers kon Afke met 'n geruste hart die **Werksklas** in hulle hande los. **Baie dankie Amanda, Jeanette, Anna, Maxie en Elizabeth.**

WAAROM KERK TOE GAAN?


(Vervolg)



2. 'n Verdere argument wat kerklose mense aanvoer, is beswaar aanteken omdat hulle aangespreek word oor om kerk toe te gaan. Hulle voer aan dat of hulle kerk toe gaan of nie, 'n saak tussen hulle en God is en dat ander mense, sondig, net soos hulle, nie die reg het om in te meng met hulle doen en late nie. Sulke argumente openbaar 'n tragiese onkunde oor die beloftes wat hulle afgelê het toe hulle belydenis van geloof afgelê het en belydende lidmate van die Kerk geword het. Een so 'n belofte lui naamlik dat hulle die kerk *versoek* om opsig en tug oor hulle uit te oefen. Word hulle dus aangespreek deur die ampsdraers van die kerk, is dit slegs 'n taak wat uitgeoefen word wat deur die belydende lidmaat self versoek is toe hy belydenis van geloof afgelê het. Verder word die gelowiges in die Bybel dikwels opdrag gegee om mekaar te vermaan en te versterk in die geloof.

3. 'n Derde verskoning waarom mense hulle kerkbesoek verwaarloos, is die klag dat hulle medekerkgangers onvriendelik, formeel en strak is. Die beskuldiging dat die eredienste koud en formeel is, word ook graag gemaak. Hier geld die goue reël wat seker in alle fasette van die samelewing geld, naamlik dat vriendelikheid met vriendelikheid beloon word. Elkeen wat welwillendheid gee, sal welwillendheid ontvang. Juis omdat *ons* en nie die leraar die kerk is nie, moet ons gee wat ons self graag sal wil ontvang. Elkeen wat Christus liefhet, sal liefde gee. Ons gaan seker nie na die erediens sodat daar van ons 'n ophef gemaak moet word nie, maar juis omdat

ons 'n behoefte het om saam met ander gelowiges die Here met sang, gebed, geloofsbelydenis en deur die Woord te dien. 'n Beskuldiging van hierdie aard is daarom 'n beskuldiging wat 'n aanklag teen die beskuldiger self is.



DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET MOSLEMS

Die benadering tot die Moslems: Vriendskap Evangelisasie


Bewyse bestaan dat *Vriendskap Evangelisasie* die beste benadering is om die Moslems te bereik met die Evangelie. Dit bring mee dat 'n vriendskap oor 'n tydperk opgebou word. Die grootste geskenk wat ons aan ons Moslemvriende kan aanbied is die Liefde van Christus en dat ons in 'n verhouding met Hom moet leef. As kinders van God moet ons die kanaal wees van daardie liefde van God.

Moslem Evangelisasie word beskou as die moeilikste onderneming ter wêreld, vir die eenvoudige rede dat jy moontlik met die aggressiefste gelowige mense ter wêreld te doen het. Saam met *Vriendskap Evangelisasie* gaan 'n hart wat gevul is met die Gees van God wat Sy liefde deur die Heilige Gees uitgegiet het. Geen vorm van humanisme kan dit doen nie. Iets van die gees van wat David Wilkerson op 'n tyd gesê het moet in ons wees. *"Selfs al sny jy my in duisend stukke, sal elke stuk uitroep: God het jou lief."*

Verder moet jy geklee wees met die pantser van God (Ef. 6) en bid en praat in die krag van die Heilige Gees. Moet nooit uit die gesig verloor dat daar 'n gees van Islam is nie. Geen blote redenasie gaan die hart van 'n Moslem verander nie. Onthou, die *gees van argumenteer* is verwant aan die gees van Islam. Beweeg jy in dié area, dan is jy in die Isalm domein. Geestelike Oorlogvoering is nodig. Lees ons die getuienis van bekeerde Moslems, dan vind ons dat hul bekering selgs deur 'n wonderwerk gebeur het soos in Hebr.2:4 verwoord word: *God het ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, van pas.*

*Enige vrae kan skriftelik deur die Kerkkantoor aan Pieter van Nieuwenhuizen gerig word.
(Uitreik na Hindo bure volg)*

KRIEKET – KERMIS



Saterdag, 4 September 2004
08:00 – 14:00
Toutrekpark

Dis weer tyd vir lekker pannekoek, roomys, koek, chips, lekkergoed, ens. ens. Vir die koop en eet daarvan, maar ook vir die maak daarvan en die gesellige saamwerk en saam beplan.

Ons kombineer vanjaar weer ons gemeente se kermis met '**Bakers Mini Krieket**', sodat ons baie mense by ons kermis het wat kan koop en sodat ons geld van buite die gemeente inbring.

Kyk hieronder by **watter tafel** u wil help en skakel die sameroeper van daardie tafel. Besluit ook solank watter van die **kermis- en tafelbenodigede** u sal kan bydra – in

Augustus sal u diaken met 'n **kollektelys** by u omgaan waarop u kan aandui of u met fondse/bestanddele/ander benodighede gaan help.

Algemene navrae: ds. Leon Tait (331 2076)

Nageregtafel: ds. Ernst (330 0632)

Pannekoek: Carien Basson (331 4303)

Koektafel: Elna Borman (331 3965)

Wors-/viennabroodjies: Harry Reyneke (330 0730)

Slapchips: Henri Braak (331 2792)

Koeldrank + lekkergoed + chips: Pieter Meiring (329 0130)

Jaffels: Gert Kok (330 1551)



Michael Brinkstraat



Laat elke nuwe dag die hernuwing van vreugdes
oor ou gebeure wees